GSA
GRAIN | GRAAN

GEOTERRA IMAGE

# PRODUKSIETOESTANDE VERSLAG



24 Februarie 2026

Gewas toestand
Crop Condition

Klimaat
Climate

Vergelyk
Compare

Opbrengs potensiaal
Production potential

Gewas opkoms
Greenup

Kaarte
Maps

Verslae
Report

# Indeks

1. DEFINISIES
2. FINALE OPPERVLAKTE
3. OPSOMMING
4. REËNVAL
5. GRONDVOG INDEKS
6. GEWASOPKOMS
7. GROENBLAAR INDEKS

GRAIN | GRAAN

# Definisies

- **Grondvog Indeks:** Gee 'n oorsig van die grondwaterpersentasie gedurende die groeiseisoen. Dit vergelyk drie periodes: die huidige seisoen, die vorige seisoen en die 5-jaar gemiddelde. Hierdie gemiddelde dien as 'n basislyn wat tipiese grondwatertoestande aandui.
- **Groenblaar Indeks (GLI):** Die GLI is die waardes oor die groeiseisoen, wat die patrone van gewasgroei gedurende die seisoene illustreer.
- **Gewasopkoms:** Toon die huidige gewasopkoms-vordering in vergelyking met die 5-jaar gemiddeld.

*Al die 2025/26 seisoen data is vanaf 1 Julie 2025 – 24 Februarie 2026.*

## Optimale plantdatums

| Gewas | Region | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | KZN | Mpumalanga & Gauteng | Limpopo | Oos-Vrystaat (VKB) | Oos-Vrystaat (OVK) | Noordwes Vrystaat | Noordwes | Noord-Kaap |
| **Mielies** | 1 Okt - 30 Nov | 1 Okt - 15 Nov | 1 Nov - 31 Des | 1 Okt - 15 Nov | 1 Okt - 30 Nov | 15 Nov - 15 Des | 15 Nov - 15 Des | 1 Okt - 15 Des |
| **Sojabone** | 1 Okt - 7 Des | 1 Nov - 7 Des | 1 Nov - 20 Des | 1 Nov - 7 Des | 1 Nov - 30 Nov | 15 Nov - 10 Des | 15 Nov - 15 Des | 1 Okt - 30 Nov |
| **Sonneblom** | | 1 Nov - 15 Des | 1 Nov - 15 Feb | 1 Nov - 10 Jan | 1 Nov - 10 Jan | 10 Nov - 10 Jan | 20 Nov - 10 Jan | 1 Des - 30 Jan |

# FINALE OPPERVLAKTE

**SUMMARY: FINAL AREA PLANTED AND CROP PRODUCTION FIGURES OF COMMERCIAL SUMMER CROPS FOR 2025:**

| CROP | FINAL AREA PLANTED 2025 HA (A) | FINAL CROP[1)] 2025 TONS (B) | CEC AREA PLANTED NOV 2025 HA (C) | CEC FINAL ESTIMATE[2)] NOV 2025 TONS (D) | FINAL CROP vs FINAL ESTIMATE % (B) ÷ (D) |
|---|---|---|---|---|---|
| White Maize | **1 599 700** | **8 450 000** | 1 599 700 | 8 378 250 | +0,86 |
| Yellow Maize | **997 000** | **8 200 000** | 997 000 | 8 057 400 | +1,77 |
| Total Maize | **2 596 700** | **16 650 000** | 2 596 700 | 16 435 650 | +1,30 |
| Sunflower seed | **555 700** | **700 000** | 555 700 | 708 300 | -1,17 |
| Soybeans | **1 151 000** | **2 800 000** | 1 151 000 | 2 771 225 | +1,04 |
| Groundnuts | **48 125** | **63 350** | 48 125 | 62 474 | +1,40 |
| Sorghum | **41 150** | **150 000** | 41 150 | 146 605 | +2,32 |

1) For ease of reference, projected figures have been rounded to the nearest 1 000 tons.
2) As estimated by the CEC on 27 November 2025

*Source:* ***NOK***

GSA GRAIN | GRAAN

**Vir meer inligting oor die vergadering van die Oesskattingsskakelkomitee (CELC) wat op 12 Februarie plaasgevind het, skandeer asseblief die QR-kode hieronder.**

# Opsomming


**Gewastoestande**

Oor die algeheel het somergrane in Suid-Afrika verbeter as gevolg van onlangse reën, alhoewel daar areas is wat geen reën ontvang het nie en steeds onder druk is. Onlangse reën oor die naweek, het die toestande in verskeie streke verbeter, terwyl ander steeds uiters droog is en aanhou agteruit gaan. Reënval is baie kol-kol en verskil van plaas tot plaas. Baie produksiegebiede het nou opvolgreën ontvang wat help om die oorblywende opbrengspotensiaal te ondersteun. Streke wat reën ontvang het is vir die oomblik gestabiliseer, maar groot dele van die land is steeds afhanklik van opvolg reën. Sonder betekenisvolle reën binne die volgende week, kan die nasionale opbrengspotensiaal afneem, veral vir sojabone en droëlandmielies. Toestande verskil per streek, maar baie areas beweeg in die rigting van ‘n gemiddelde opbrengs. Die reënval oor die volgende week gaan ‘n groot rol speel.


**Die hersiene aangeplante oppervlakte- en eerste produksievoorspelling sal op 26 Februarie vrygstel word.**

# Totale Reënval

## Totale Reënval/Total Rainfall




## Reënval vir die afgelope 30 dae/Rainfall for the past 30 days





GEOTERRA IMAGE

GSA GRAIN | GRAAN

*Al die data vir die 2025/26 seisoen is vanaf 1 Julie 2025 tot 24 Feb 2026*

# Gemiddelde reënval afwyking oor die afgelope 5 jaar




Die reënval-oorsig beklemtoon die afwyking van reënval in die huidige seisoen in vergelyking met die vyfjaar-gemiddelde. **Die meeste streke het oor die afgelope naweek gemiddelde reën ontvang.**

**Vrystaat:** Oor die afgelope twee weke het wydverspreide reën die toestande aansienlik verbeter.


- Die Oos-Vrystaat het in sommige areas herstel met onlangse reën, by **Frankfort** (ongeveer 100 mm), **Theunissen** (ongeveer 79 mm) en **Vrede** (byna 80 mm vir die maand), wat vog- en hittestres tydens kritieke groeistadiums verlig het.
- Die NoordWes-Vrystaat is baie gemeng, dele rondom **Bloemfontein** en **Bultfontein** het onlangs goeie reën ontvang, terwyl ander areas steeds dringend opvolg reën benodig.

**Limpopo:** Die **Springbokvlakte**-streek bly uiters droog en het min tot geen reën oor die afgelope week ontvang. **Nylstroom**, het in die vorige week beduidende reën ontvang, wat tydelike verligting gebring en gehelp het om vog in die dieper grond te herstel. Temperatuurfluktuasies (van warm tot koeler dae) het verdamping verhoog en stres in areas wat die reën gemis het vererger.

**Oostelike Hoëveld:** ‘n Groot gedeelte van die streek het in die afgelope twee weke goeie reën ontvang, veral in areas soos **Hendrina** en **Amersfoort**. Ander areas bly egter nog droog, wat druk verhoog tydens belangrike graanontwikkelingsfases.

**Noordwes-provinsie:** Die meeste streke in die provinsie het tussen 20 mm en 60 mm reën ontvang in Februarie, wat grondvogreserwes aangevul het. Die reënval is egter baie kol-kol. Areas soos **Lichtenburg**, **Sannieshof**, **Stella** en die westelike streke bly uiters droog met slegs geïsoleerde ligte buie. Verskeie areas in die provinsie het hierdie maand minimale reënval aangeteken en het opvolg reën nodig.

# Grondvog Indeks / Soil Water Index




Die grondvogindeks vergelyk huidige toestande met die vorige seisoen asook die vyfjaar-gemiddelde.

**Vrystaat**

**Noordwes-Vrystaat:** Grondvog het verbeter ná die reënval van die afgelope twee weke en grondprofiele het herstel. Alhoewel toestande aansienlik gestabiliseer het, sal gereelde opvolgreën steeds nodig wees om gunstige grondvogvlakke deur die res van die kritiese groeiperiode te handhaaf.


**Oos-Vrystaat:** Goeie reën oor ’n groot deel van die streek het boonste grondvog herstel en ondergrondreserwes verbeter, wat onmiddellike stres op die gewasse verminder het. Grondvog is nou oor die algemeen voldoende om laat-seisoen ontwikkeling te ondersteun, alhoewel wisselvalligheid steeds bestaan. Verdere ontwikkeling sal steeds afhang van addisionele reën om plantstres te voorkom.

**Limpopo:** Grondvog bly ongelyk regoor die provinsie. Terwyl geïsoleerde areas baat gevind het by onlangse reënbuie wat die boonste grondvog tydelik verbeter het, bly groot dele van die provinsie, veral die **Springbokvlakte** onder die optimale vlakke. Sanderige gronde verloor steeds vinnig vog onder warm toestande en betekenisvolle opvolgreën sal nodig wees om verdere agteruitgang te voorkom.

**Oostelike Hoëveld**: Grondvog het verbeter en is in baie areas nou bo die seisoenale gemiddeld na reën die afgelope twee weke. In areas wat voorheen waterskade ervaar het, kan die wortelskade egter doeltreffende opname van vog beperk en geïsoleerde versadigte lande kan tydelike dreinering beperkinge ervaar.

**Noordwes:** Grondvog het aansienlik verbeter oor groot dele van die provinsie ná wydverspreide reënval. Sommige westelike areas bly droog en benodig opvolg reën om grondvogvlakke volledig aan te vul en gewasskade te voorkom.

## Gewasopkoms per Distrik / Crop Greenup per District




Die gewasopkoms aanduiers beklemtoon die huidige gewasvoorkoms in verhouding tot die vyfjaar-gemiddelde.

**Vrystaat**

**Noordwes-Vrystaat:** Gewasse het binne enkele dae ná die reën sigbare herstel getoon, aangedryf deur verbeterde waterbeskikbaarheid en verminderde hittestres. Blaarkleur het verbeter, veral op mielies wat die herstel van vroeë droogte skade veroorsaak is. Blaarkleur herstelling kan die beste gesien word op gronde wat vinnig op verbeterde grondvog reageer.


**Oos-Vrystaat:** In die area is die herstel minder sigbaar as gevolg van die voortdurende droogte. Vroeë seisoen groei het gestagneer en gewasse droog vroeër as normaal. Goeie en konstante reënval is nodig om die plantegroei en voorkoms in hierdie streek te verbeter.

**Limpopo:** Die gewasvoorkoms is matig weens die aanhoudende droogte. In **Nylstroom** het sommige gewasse ná die reën, veral in mielie-produserende areas en laat aangeplante sorghum, verbetering getoon. Algehele gewasse se verbetering word steeds beperk deur kol-kol reënvalpatrone.

**Oostelike Hoëveld:** Gewasse toon herstel waar grondvog beskikbaar is, maar bly dowwer in areas met vlak wortelontwikkeling as gevolg van vroeë waterskade. Algehele gewasse se groei bly gemiddeld vir die streek.

**Noordwes:** Herstel is sigbaar in sekere area's soos Wolmaransstad, waar voldoende reën gewasgroei bevorder het. Die meeste westelike streke toon minimale of geen verbetering nie, met gewasse wat kleur verloor en tekens van skade toon. Die wisselvalligheid in gewaspotensiaal weerspieël die onsamehangende aard van reënval regoor die provinsie.

# Gewas Toestand / Crop Condition




Die **Groenblaarindeks** weerspieël gewasgroei en -ontwikkeling deur die seisoen, met toestande in die meeste van die somerreënvalstreke wat aansienlik bo die vyfjaar-gemiddelde lê.

**Vrystaat**

**Noordwes-Vrystaat:** Oor die grootste gedeelte van die streek is die gewasse normaal tot bo normaal. Vroeëre stresimptome het grootliks gestabiliseer en opbrengsverwagtinge het verbeter van ondergemiddeld na gemiddeld tot effens bo gemiddeld in sommige areas. Minimale skade van die vroeë droogteperiode is steeds in sekere steke se lande sigbaar, maar oor die algeheel toon daar tekens van herstel.

**Oos-Vrystaat:** Onlangse reën het grondvogstres verminder en laat aangeplante gewasse is gestabiliseer. Skade tydens bestuiwing veral in areas soos Warden en Harrismith, kan egter nie omgekeer word nie en sommige mielielande vertoon swakker as voorheen. Sojabone bly kwesbaar in ligter gronde, maar die risiko van wydverspreide mislukking van gewasse het afgeneem. Opvolg reën is nodig in hierdie streek.

**Limpopo:** Gewastoestande bly ongelyk. Terwyl dele van die provinsie normale gewasgroei toon, vertoon verskeie plekke steeds onder-normale toestande. Vroeë aanplantings wat hitte- en grondvogstres ervaar het, sal nie volledig herstel nie en opbrengspotensiaal bly beperk. Laat aanplantings het voordeel getrek uit onlangse reën in sekere areas, maar voldoende opvolgreën is steeds nodig om produksievooruitsigte te verbeter.

**Oostelike Hoëveld:** Die streek vertoon nou normale tot bo-normale gewastoestande. Swaar reënval het gewasontwikkeling versterk en graanaanvullings verbeter. Vroeë waterskade kan steeds prestasie in sekere areas beperk, maar algehele gewastoestande is beter as twee weke gelede. Opbrengsverwagtinge het gestabiliseer en het in sommige areas verbeter.

**Noordwes:** Daar is ’n verbetering in gewasontwikkeling in die streek. Terwyl westelike areas steeds swakker presteer, het die provinsiale uitsig verskuif van oorwegend negatief na matig positief. Opbrengspotensiaal het in die meeste sentrale en oostelike produksiegebiede gestabiliseer, met wisselvalligheid wat steeds in droër westelike areas voorkom.

# DANKIE!

---

**Vir enige navrae:**

**Grain SA**

**Marguerite@grainsa.co.za/ Cathrine@grainsa.co.za/ Gerrit@grainsa.co.za**

**Vrywaring**: Die inligting hierin is verkry uit verskeie bronne, waarvan Graan SA nie die akkuraatheid en/of volledigheid waarborg nie en waarvoor Graan SA geen aanspreeklikheid aanvaar nie. Enige pryse of vlakke hierin vervat is voorlopig en slegs aanduidend en verteenwoordig nie biedings of aanbiedinge nie. Hierdie aanduidings word slegs vir u inligting en oorweging verskaf.